Prematuur babatjie baat by BabaGim® se naby-sintuiglike- en kruip oefeninge

Rentia de Swardt

Klein Mieke Beeslaar is op 22 Maart 2013 na ‘n swangerskap van slegs 27 weke gebore. Sy was met geboorte baie klein en het net 900gram geweeg, maar sy was ‘n regte klein vegtertjie! Mieke moes amper 3 maande in die intensiewe eenheid deurbring en het ‘n langpad na groei en ontwikkeling vorentoe gehad; Mieke is eers ontslaan toe sy 2kg geweeg het. Vanweë die feit dat Mieke 3 maande vroeg gebore is, is sy sonder ‘n volledige ontwikkelde velletjie gebore, sy het dus op belangrike ontwikkeling binne die baarmoeder uitgemis.

Ek het op 8 Maart 2014, slegs ‘n paar dae voor haar eerste verjaarsdag, vir Mieke aan BabaGim bekendgestel. Sy kon toe reeds sit, maar het nog net begin omrol na die eenkant toe en sy kon nog glad nie kruip nie. Week 1 van BabaGim Ferm Grondslag het goed verloop. Mieke was nie met die hele massering gemaklik nie, maar Mamma het haar beste gedoen om Mieke elke aand te masseer. Tydens Week 2 van BabaGim stimuleer en ontwikkel ons die nabye sintuie (die sin van balans) maar Mieke was glad nie gelukkig nie! Sy het nie van die dansie gehou nie en het baie angstig aan Mamma vasgeklou wanneer Mamma met haar beweeg het. Sy het dadelik begin huil toe ons haar in ‘n handdoek versigtig wou swaai en was glad nie gemaklik met bewegende aktiwiteite nie. Daaruit was dit duidelik dat Mieke daardie drie belangrike maande in utero (waar haar naby sintuie saam met mamma se beweging moes ontwikkel) nie gehad het nie.

Ook, Mieke was so gretig om te begin beweeg dat haar brein al kortpaaie begin neem het. Sy het byvoorbeeld op haar ruggie agteruit geskuif terwyl sy op die kroontjie van haar kop rus, maar sy kon nie oorgaan tot hande-vier-voet-kruip nie. Haar naby sintuie was nog nie heeltemal in plek nie en daarom kon sy ook nie haar spiere vir die kruip-aksie koordineer nie.

Mamma se ‘huiswerk’ was om Mieke te ‘abba’ terwyl sy met huistakies besig was en om saam met Mieke op die bed te rol. Ek het ook beklemtoon dat kleiner bewegings en aktiwiteite (terwyl sy Mieke vashou) herhaal moes word voor die groter bewegings later sou volg. **Na week 5 se klassie het Mieke begin kruip! Eers stadig en versigtig maar kort voor lank kon sy ‘n bal agterna sit!**

BabaGim het met die regte stimulasie ‘n beduidende bydra gelewer tot die regte bedrading in Mieke se brein en uitendelik het sy die kruip-mylpaal suksesvol bereik. Baie geluk Mamma en Mieke, julle het hard gewerk en baie vermag!